

Gee van geslag tot geslag ag op die HERE se wonderdade en vertrou op Hom

Daar is verskeie psalms wat die geskiedenis van die volk Israel besing en hoe die HERE hulle op wonderdadige wyse gered en gelei het. Psalms 105, 106 en 136 is voorbeelde. Kyk ook Moses se lied in Deuteronomium 32. Psalm 78 besing eweneens Israel se geskiedenis en die HERE se bemoeienis met hulle, maar met 'n verskil: Israel se geskiedenis is nie maar net blote geskiedkundige gebeurtenisse nie. Geïnspireer deur die Heilige Gees hou die digter Israel se geskiedenis voor as openbaringsgeskiedenis: Die HERE se oordeel en genade word geopenbaar teenoor sy volk se sondigheid. Daarom wil die digter nou sy volk onderrig. Hulle moet terdeë ag gee op die HERE se handelswyse en daaruit leer.

Daar word nie maar net een maal ag gegee op die HERE nie, maar van geslag tot geslag – “van kind tot kind, tot in die verste nageslag”, moet sy wonderdade gedenk word en op Hom vertrou word!

Ja, vertel dit dat Israel nie altyd op die HERE vertrou het nie, sy wet onderhou het nie, maar Hom ook vergeet het. Dan het die HERE se oordeel deur vyandige volke nie uitgebly nie. Vertel dit verder dat die HERE hulle telkens vanweë sy verbondsliefde wonderbaarlik verlos het van hulle vyande.

Hierdie Woord van die HERE is baie belangrik vir ons in hierdie koninkrykstyd, want: Praat ons nog met mekaar oor God se almagsdade? Oor ons ongehoorsaamheid? Groot gesprekke word gevoer oor die Woord, maar wat van gesprekke oor wat God gedoen het in die geskiedenis – ook in ons land? Vertel jy jou kinders van God se wonderdade? Vertel jy hulle Wie God is, sodat hulle dit weer aan hulle kinders moet vertel, dat hulle op Hom moet vertrou? Dit wil nie so voorkom nie!

Buitendien, hierdie openbaringsgeskiedenis wys na Jesus Christus in Wie God se wonderdade van genade en oordeel saamtrek. God se oordeel laat Jesus borgtogtelik sterwe – in jou plek. Deur God se genade word Hy opgewek, sodat jy die ware LEWE kan ontvang. Wat 'n wonder van genade is dit nie dat die HERE deur sy Heilige Gees jou geloofsoë open om sy wonderdade raak te sien nie! Ook sy wonderdade aan jou persoonlik: Jy was mos siek en het weer gesond geword!

Sal jy dan nie op sy almagsdade ag gee, daarvan vertel en op Hom vertrou nie?

Sing: Psalm 66:7; 34:6

Ds. RL Vorster (Emeritus)